



Jesus was aan God Gehoorsaam

Onthou jy nog wat was die naam van die eerste mens wat God geskape het? En onthou jy ook nog die naam van die eerste vrou? Jy weet dat Adam en Eva in 'n pragtige tuin gewoon het. Alles rondom hulle was skitterend mooi, en hulle was baie gelukkig, tot die dag dat hulle aan God ongehoorsaam was.

Hoekom was hulle dan aan God ongehoorsaam?

God het 'n *vyand*. Die *duiwel* of *Satan* is God se vyand. Hy haat God. Satan het Adam en Eva verlei. Hy het daarvoor gesorg dat hulle teen God sonde doen. Hy was *so bly* toe hulle aan God ongehoorsaam was.

Toe Jesus na die aarde gekom het, het Satan probeer om *Hom* ook te laat sondig. Hy het probeer om Jesus ook ongehoorsaam aan God te laat wees. Die Bybel vertel ons hoe Satan ook vir Jesus *verlei* het.

Satan het Hom na die wildernis geneem, waar dit stil en eenkant is. Hy het vir *veertig dae* lank probeer om Jesus ongehoorsaam aan God te maak. Dit was vir Jesus baie moeilik om elke keer vir Satan 'NEE' te sê.

Toe eendag, op 'n pragtige sonskyndag, het Satan vir Jesus na 'n baie hoë berg geneem. Hulle kon oral baie ver rondom hulle sien. Satan het toe vir Jesus al die groot stede van die wêreld, al die goue en silwer paleise, al die konings en prinse, en al die groot leërmagte gewys.

'Hierdie is alles myne', het Satan gesê. 'Ek sal alles vir U gee as U net voor my sal neerkniel en my aanbid'. Jesus sê vir hom: 'Gaan weg,

Satan! Die Bybel sê ons moet net die HERE onse God aanbid!'

Jesus *sal nie* vir Satan luister en doen wat hy graag wil hê nie. Jesus *sal nie* aan God ongehoorsaam wees nie.

Jesus het God, sy Vader so lief. Hy het God *gehoorsaam*. Elke dag, van die oggend vroeg tot laat in die aand, was Hy gehoorsaam aan God. Hy het *nooit* iets verkeerd gedoen nie. Hy het *nooit* gesondig nie. Selfs toe Hy nog 'n klein Seuntjie was, was Hy *nooit* stout nie. Hy het selfs God gehoorsaam toe Hy in ons plek aan die kruis gaan sterf het.

Adam en Eva was aan God *ongehoorsaam*. Onthou jy die verhaal? Hulle het gedoen wat *hulle* wou doen, en nie wat God *gesê* het hulle moes doen nie. En ons? Ag, so baie, baie kere doen *ons* wat *ons* wil doen, in plaas daarvan om God se wil te doen. Maar Jesus was *altyd* gehoorsaam. Hy het vir sy Vader gesê: 'Laat nie *My* wil nie, maar U wil geskied'.

Jesus was gehoorsaam, om op te maak vir al ons *ongehoorsaamheid*. Hy *moes* gehoorsaam wees, om ons Verlosser te kan wees.

En nou, as ons Hom liefhet, sal ons al hoe *harder* probeer om ook gehoorsaam te wees. Ons sal hard probeer om *alles* te doen wat God wil hê dat ons sal doen. Ons *wil* graag sy Wil doen.

Soms kan dit *moeilik* wees om God se Wil te doen, maar Hy sal ons help. Hy het Jesus ook gehelp. Toe Satan weggegaan het, het God engele gestuur om Jesus te dien.

Gesels hieroor:

1. Hoe het Jesus gewys dat Hy God eerste stel?
2. Was Hy gehoorsaam omdat Hy graag gehoorsaam *wou* wees?
3. Is ons regtig gehoorsaam as ons nie regtig wil nie?

Die Bybel vertel ons van Jesus:

...Hy (het) Homself verneder deur gehoorsaam te word tot die dood toe...

(Filippense 2:8)

Wat ons kan lees:

Matteus 4:1-11

'n Lied om te sing:

Weet jy wat die HERE blymaak?
Wat Hy graag van my wil hê?
Is dit alles wat ek uitdeel,
Wat ek doen of wat ek sê?

Refrein:

Hy wil eers dat ek gehoorsaam
Hom sal volg waar Hy my lei,
dat ek na sy Stem sal luister,
En vir altyd in Hom bly.

Weet jy wat die HERE blymaak?
Al my tyd en al my krag?
Is dit al my goeie dade?
Sou Hy dit van my verwag?

Refrein:

Hy wil eers dat ek gehoorsaam
Hom sal volg waar Hy my lei,
dat ek na sy Stem sal luister,
En vir altyd in Hom bly.

'n Gebed:

Here Jesus, ons dank U dat U in ons plek gehoorsaam was, om op te maak vir al ons ongehoorsaamheid! Help ons asseblief om aan God gehoorsaam te wees, om vir die duiwel 'nee' te sê, en om U altyd te loof en te prys. Amen

Marian Schoolland

© 2019

www.christelikemedia.org

*Hierdie hoofstuk uit 'Leading Little Ones to God'
is deur Marianne Bron vertaal.*